KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE NUUT VERKOSE RAAD GEHOU OM 11:00 OP MAANDAG 15 AUGUSTUS 2016 IN DIE GEMEENSKAPSAAL TE BREDASDORP**

***MINUTES OF THE FIRST MEETING OF THE NEWLY ELECTED COUNCIL HELD ON MONDAY, 15 AUGUST 2016 AT 11:00 IN THE COMMUNITY HALL, BREDASDORP***

## RAADSLEDE / COUNCILLORS

MNR R J BAKER
MNR G D BURGER
MNR D J EUROPA
MNR C J JACOBS
MNR D JANTJIES
ME E C MARTHINUS
MNR J G A NIEUWOUDT
ME M OCTOBER
ME E L SAULS
MNR P J SWART
ME Z TONISI

## AMPTENARE / OFFICIALS

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr S Ngwevu | Direkteur: Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr N Kotze | Direkteur: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Gemeenskapsdienste |
| Mnr S Cooper | Nms Asst. Direkteur: Elektries |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Admin Ondersteuning |
| Me T Stone | Bestuurder: Strategiese Dienste |

1. **VERWELKOMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER / WELCOME BY THE MUNICIPAL MANAGER**

Die Munisipale Bestuurder heet die teenwoordiges welkom.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID DEUR RAADSLEDE / APPLICATION FOR LEAVE OF ABSENCE BY COUNCILLORS**

Geen.

3. **OPENING DEUR EERWAARDE CUNNINGHAM / OPENING BY REVEREND CUNNINGHAM**

Eerwaarde Cunningham open die vergadering met skriflesing en gebed (Spr. 15:3 - "Op elke plek is die oë van die Here").

4. **BEKENDSTELLING VAN RAADSLEDE / INTRODUCTION OF COUNCILLORS**

Die Munisipale Bestuurder stel die Raadslede aan die gemeenskap bekend.

5. **EED / OATH**

Alle Raadslede lê die voorgeskrewe eed gesamentlik af.

6. **KENNISGEWINGS VAN KOMMUNIKASIE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER / NOTICES OF COMMUNICATION BY MUNICIPAL MANAGER**

Die Munisipale Bestuurder meld dat Kaap Agulhas Munisipaliteit ingevolge Provinsiale Koerant van 22 September 2000 'n B-kategorie plaaslike raad is met 'n wyksdeelnemende stelsel.

Hy meld dat ingevolge die nuutste Instellingskennisgewing die Raad van Kaap Agulhas uit 11 Raadslede mag bestaan (6 wyksraadslede en 5 proporsioneel).

7. **VERKIESING VAN SPEAKER / ELECTION OF SPEAKER**

Na die uitdeel van voorgeskrewe nominasie vorms, word die volgende nominasies ontvang:

1. Raadsheer J Nieuwoudt (genomineer deur Raadslid E Sauls en aanvaar deur Raadsheer Nieuwoudt)
2. Raadsvrou E Marthinus (genomineer deur Raadslid D Europa en aanvaar deur Raadsvrou Marthinus)

***BESLUIT 167/2016***

Na die uitbring van stemme word Raadsheer Nieuwoudt as Speaker verkies.

8. **SAKE VIR OORWEGING / MATTERS FOR CONSIDERATION**

8.1 **Reglement van Orde / Rules of Order**

Die Speaker meld dat elke Raadslid 'n Reglement van Orde ontvang het en dit individueel sal bestudeer.

8.2 **Verkiesing van Uitvoerende Burgemeester / Election of Executive Mayor**

Na die uitdeel van voorgeskrewe nominasie vorms, word die volgende nominasies ontvang:

1. Raadslid P Swart (genomineer deur Raadslid D Burger en aanvaar deur Raadslid Swart)
2. Raadslid Z Jacobs (genomineer deur Raadsheer D Jantjies en aanvaar deur Raadslid Jacobs)

***BESLUIT 168/2016***

Na die uitbring van stemme word Raadslid P Swart as Uitvoerende Burgemeester verkies.

8.3 **Verkiesing van Uitvoerende Onder-Burgemeester / Election of Deputy Executive Mayor**

Na die uitdeel van voorgeskrewe nominasie vorms, word die volgende nominasies ontvang:

1. Raadslid Z Tonisi (genomineer deur Raadslid P Swart en aanvaar deur Raadslid Tonisi)
2. Raadsheer D Jantjies (genomineer deur Raadslid Z Jacobs en aanvaar deur Raadsheer Jantjies)

***BESLUIT 169/2016***

Na die uitbring van stemme word Raadslid Z Tonisi as Uitvoerende Onder-Burgemeester verkies.

8.4 **Inhuldigingstoespraak deur die Uitvoerende Burgemeester / Acceptance speech by Executive Mayor**

Mnr Richard Majola, kiesafdelingshoof vir die DA van die Overbergstreek word hierna versoek om die amptelike kettings van die Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onder-Burgemeester te hang, waarna Raadslid Swart voortgaan om sy eerste toespraak as Uitvoerende Burgemeester te lewer.

Raadslid Swart meld in sy inhuldigingstoespraak dat sy leierskapsrol gevestig sal word op die fondamente van Spreuke. Hy het sy lojaliteit aan die dorp en die munisipaliteit bevestig en verseker dat korrupsie sover as moontlik nie sal bestaan nie, dat Raadslede sigbaar sal wees in hulle wyke en dat sy visie die verandering van mense lewens bo die oprigting van stanbeelde, insluit

Hy vertrou dat alle inwoners in vrede en liefde sal saamwerk en leef. Een van die fokus areas sal wees die misbruik van drank en dwelms en die opheffing van menslike waardigheid. Hy nooi die opposisie partye binne die Raad uit om saam te werk om die “nasie” te dien.

8.5 **Aankondiging van lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee / Announcement on the appointment of Members of the Executive mayoral committee by the Mayor**

Die Burgemeester kondig die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan.

***BESLUIT 170/2016***

Dat Raadslid Z Tonisi as Uitvoerende Onder-Burgemeester en Raadslede D Burger en M October as Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede sal dien.

8.6 **Aanwys van voltydse Raadslede / Appointment of full time councillors**

***BESLUIT 171/2016***

Dat die Speaker, Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onder-Burgemeester tesame met die twee lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee as voltydse Raadslede aangewys word.

8.8 **Aanwys van Komitees / Appointment of Committees**

8.8.1 **Aanwys van Artikel 80 Komitees van die Raad / Appointment of Section 80 Committees of Council**

Die Speaker meld dat daar voortaan drie Artikel 80 Komitees sal wees, wat sal insluit Gemeenskapsdienste Komitee, Publieke Werke Komitee en Finansies- en Administratiewe Dienste Komitee.

***BESLUIT 172/2016***

(i) Die Voorsitters van die onderskeie komitees word aangewys, naamlik:

**Gemeenskapsdienste Komitee:**

Raadslid E Sauls (Sekundi: Rdl Z Tonisi)

**Publieke Werke Komitee:**

Raadslid M October (Sekundi: Rdl D Burger)

**Finansies- en Korporatiewe Dienste Komitee:**

Raadslid D Burger (Sekundi: Rdl M October)

(ii) Dat die opposisie partye hul verteenwoordigers se name tydens die volgende Raadsvergadering op 30 Augustus 2016 sal deurgee.

8.8.2 **Verkiesing van verteenwoordiger tot die Overberg Distriksraad / Election of representatives to the Overberg District Council**

Onder leiding van die OVK, ingevolge Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet van 1998 word, na die uitbring van stemme bepaal -

***BESLUIT 173/2016***

Dat die ANC sowel as die DA elk een kandidaat kan nomineer om KAM te verteenwoordig op die Raad van Overberg Distriksmunisipaliteit (DC3) vanaf die partylyste van die twee onderskeie partye.

9. **SLUITING / CLOSURE**

Die Speaker bedank almal vir hulle teenwoordigheid en meld dat die volgende Raadsvergadering sal plaasvind op 30 Augustus 2016 om 11:00.

Hierna verdaag die vergadering.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2016**

______________________________

**SPEAKER** **DATUM:**